NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Assesseringsboek

# GRAAD 2

# AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTAAL 3



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



# Assesseringsboek

GRAAD 2 | KWARTAAL 3

## AFRIKAANS

NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Inhoud


| | |
|---|---|
| OORSIG | 1 |
| KWARTAAL 3 MLV-TOETSE | 2 |
| KWARTAAL 3 ONTLEDINGSVORM | 11 |
| KWARTAAL 3 ASSESSERINGSPROGRAM | 13 |

# KWARTAAL 3

## Oorsig

Hierdie boekie bevat die mondelinge leesvlotheidstoetse en die assesseringsprogram vir Kwartaal 3.

Onthou asseblief dat die Assesseringsboekie vir Kwartaal 1 en 2 die MLV-rekordstate bevat. Dit sluit ook instruksies in oor hoe om die toetse af te neem en hoe om die uitslae te gebruik.

# Kwartaal 3 MLV-TOETSE

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 2.3.A**
Onderwyser se kopie
60 klanke / 60 sekondes

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| a | N | l | u | T | 5 |
| k | r | S | o | v | 10 |
| D | p | e | oe | W | 15 |
| t | M | ie | n | B | 20 |
| E | k | Y | r | v | 25 |
| A | d | P | w | I | 30 |
| U | G | h | j | uu | 35 |
| O | p | F | y | f | 40 |
| bl | H | st | G | br | 45 |
| fr | J | fl | F | dr | 50 |
| Kw | F | skr | spr | J | 55 |
| Y | Gr | kl | str | gl | 60 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 2.3.A**
Leerder se kopie
60 klanke / 60 sekondes

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| a | N | l | u | T |
| k | r | S | o | v |
| D | p | e | oe | W |
| t | M | ie | n | B |
| E | k | Y | r | v |
| A | d | P | w | I |
| U | G | h | j | uu |
| O | p | F | y | f |
| bl | H | st | G | br |
| fr | J | fl | F | dr |
| Kw | F | skr | spr | J |
| Y | Gr | kl | str | gl |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 2.3.B**
Onderwyser se kopie
60 woorde / 60 sekondes

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| rak | nes | ink | bok | bus | 5 |
| kamer | water | somer | winter | trekker | 10 |
| pik | kok | rus | wet | kar | 15 |
| twaalf | bladsy | spons | kraan | treine | 20 |
| padda | geluk | talent | verloor | modder | 25 |
| sak | ton | bel | mus | gif | 30 |
| regtig | nuwe | danse | misluk | begin | 35 |
| storie | skelm | speler | bruin | fluit | 40 |
| seker | later | vader | oupa | gogga | 45 |
| tik | rak | mot | put | pen | 50 |
| plante | glasbak | kriek | knyp | prut | 55 |
| ontdek | ander | eerlik | totaal | bewe | 60 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 2.3.B**
Leerder se kopie
60 woorde / 60 sekondes

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| rak | nes | ink | bok | bus |
| kamer | water | somer | winter | trekker |
| pik | kok | rus | wet | kar |
| twaalf | bladsy | spons | kraan | treine |
| padda | geluk | talent | verloor | modder |
| sak | ton | bel | mus | gif |
| regtig | nuwe | danse | misluk | begin |
| storie | skelm | speler | bruin | fluit |
| seker | later | vader | oupa | gogga |
| tik | rak | mot | put | pen |
| plante | glasbak | kriek | knyp | prut |
| ontdek | ander | eerlik | totaal | bewe |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 2.3.C**
Onderwyser se kopie
Die lees van leesstukke / 60 & 180 sekondes

| | |
|---|---|
| **Krieket in die tuin.** | 4 |
| “Kom ons speel krieket,” sê Anton vir Ben. | 12 |
| “Ons moet liewers na die parkie toe gaan. | 21 |
| Die tuin is te klein,” antwoord Ben. | 27 |
| “Nee, ons speel hier. Kom nou!” beveel | 35 |
| Anton. Die seuns loop na die tuin. | 41 |
| Ben maak gereed om te boul. Hy hardloop | 50 |
| en boul die bal na Anton. Anton tref die bal | 60 |
| met die kolf. Die bal trek deur die lug. | 68 |
| Dit is ’n goeie hou. Die bal trek hoog deur die | 79 |
| lug. Kra ... aak! Die bal tref die venster! | 86 |
| “Wat nou?” vra Ben. “Ons maak asof ons | 95 |
| van niks weet nie,” sê Anton. | 100 |
| Ben voel nie gelukkig nie. Om stil te bly is | 110 |
| om oneerlik te wees. “Anton, ons moet vir Pa | 119 |
| hiervan vertel.” | 121 |

| | |
|---|---|
| Daardie aand stap Anton en Ben na hulle | 130 |
| pa. “Pappa, ons het iets verkeerd gedoen,” | 137 |
| sê Anton. “Ons het ’n venster gebreek terwyl | 145 |
| ons krieket gespeel het.” | 148 |
| Pa kyk na die twee seuns. “Ek is trots dat | 159 |
| julle jul fout erken. ’n Venster kan vervang | 167 |
| word. Speel liewer krieket in die parkie.” | 173 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 2.3.C**
Leerder se kopie

## Krieket in die tuin.

“Kom ons speel krieket,” sê Anton vir Ben.

“Ons moet liewers na die parkie toe gaan. Die tuin is te klein,” antwoord Ben.

“Nee, ons speel hier. Kom nou!” beveel Anton. Die seuns loop na die tuin.

Ben maak gereed om te boul. Hy hardloop en boul die bal na Anton. Anton tref die bal met die kolf. Die bal trek deur die lug.


Dit is ’n goeie hou. Die bal trek hoog deur die lug. Kra … aak! Die bal tref die venster!

“Wat nou?” vra Ben. “Ons maak asof ons van niks weet nie,” sê Anton.

Ben voel nie gelukkig nie. Om stil te bly is om oneerlik te wees. “Anton, ons moet vir Pa hiervan vertel.”

Daardie aand stap Anton en Ben na hulle pa. “Pappa, ons het iets verkeerd gedoen,” sê Anton. “Ons het ’n venster gebreek terwyl ons krieket gespeel het.”

Pa kyk na die twee seuns. “Ek is trots dat julle jul fout erken. ’n Venster kan vervang word. Speel liewer krieket in die parkie.”



**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 2.3.D**
Onderwyser se kopie
Mondelinge begripsvrae (8)

Vraagtipe: Herroeping van eksplisiete inligting

1. Wie vra vir Ben om krieket te speel?
   *Antwoord: Anton vra vir Ben om krieket te speel.*

Vraagtipe: Herroeping van eksplisiete inligting

2. Hoekom wil Ben in die parkie krieket gaan speel?
   *Antwoord: Die tuin is te klein. / Daar is meer spasie in die parkie.*

Vraagtipe: Herroeping van eksplisiete inligting

3. Wat gebruik Anton om die bal mee te slaan?
   *Antwoord: Anton gebruik 'n kolf.*

Vraagtipe: Herroeping van eksplisiete inligting

4. Wie het die venster getref?
   *Antwoord: Anton het die venster getref.*

Vraagtipe: Eenvoudige afleiding

5. Hoekom dink jy wou Anton stilbly oor die fout wat hulle gemaak het?
   *Antwoord: Leerder se eie antwoord. Byvoorbeeld:*
   *Anton is bang dat hy sal raas kry.*

Vraagtipe: Eenvoudige afleiding

6. Dink jy dat Ben 'n eerlike persoon is?
   *Antwoord: Leerder se eie antwoord. Byvoorbeeld:*
   *Ek dink dat Ben eerlik is omdat hy wil vertel wat hulle gedoen het.*
   *Ben weet dat jy oneerlik is as jy oor 'n fout stilbly.*

Vraagtipe: Interpreteer en integreer

7. Dink jy Pa sal die twee seuns straf vir hulle fout? Hoekom sê jy so?
   *Antwoord: Leerder se eie antwoord. Voorbeeld:*
   *Nee, omdat hy trots is daarop dat hulle hul fout erken het.*
   *Ja, omdat hulle nie in die tuin moes kolf nie. Dit was 'n fout.*

Vraagtipe: Ondersoek en evalueer

4. Dink jy dat Anton 'n les oor eerlikheid geleer het?
   *Antwoord: Leerder se eie antwoord. Byvoorbeeld:*
   *Ja, omdat hy die een is om vir sy pa te vertel.*
   *Nee, hy het net vertel omdat Ben dit van hom verwag het.*

# Kwartaal 3 Ontledingsvorm

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 2 Kwartaal 3
**Ontledingsvorm**

| Klanke 2.3.A | Fouttelling | Totaal | Woorde 2.3.B | Fouttelling | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| a | | | rak | | |
| N | | | nes | | |
| l | | | ink | | |
| u | | | bok | | |
| T | | | bus | | |
| k | | | kamer | | |
| r | | | water | | |
| S | | | somer | | |
| o | | | winter | | |
| v | | | trekker | | |
| D | | | pik | | |
| p | | | kok | | |
| e | | | rus | | |
| oe | | | wet | | |
| W | | | kar | | |
| t | | | twaalf | | |
| M | | | bladsy | | |
| ie | | | spons | | |
| n | | | kraan | | |
| B | | | treine | | |
| E | | | padda | | |
| k | | | geluk | | |
| Y | | | talent | | |
| r | | | verloor | | |
| v | | | modder | | |
| A | | | sak | | |
| d | | | ton | | |
| P | | | bel | | |
| w | | | mus | | |
| I | | | gif | | |

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 2 Kwartaal 3
**Ontledingsvorm**

| **Klanke 2.3.A** | **Fouttelling** | **Totaal** | **Woorde 2.3.B** | **Fouttelling** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|
| U | | | regtig | | |
| G | | | nuwe | | |
| h | | | danse | | |
| j | | | misluk | | |
| uu | | | begin | | |
| O | | | storie | | |
| p | | | skelm | | |
| F | | | speler | | |
| y | | | bruin | | |
| f | | | fluit | | |
| bl | | | seker | | |
| H | | | later | | |
| st | | | vader | | |
| G | | | oupa | | |
| br | | | gogga | | |
| fr | | | tik | | |
| J | | | rak | | |
| fl | | | mot | | |
| F | | | put | | |
| dr | | | pen | | |
| Kw | | | plante | | |
| F | | | glasbak | | |
| skr | | | kriek | | |
| spr | | | knyp | | |
| J | | | prut | | |
| Y | | | ontdek | | |
| Gr | | | ander | | |
| kl | | | eerlik | | |
| str | | | totaal | | |
| gl | | | bewe | | |

# Assesseringsprogram

## Graad 2 Kwartaal 3

**Die hersiene onderrigplan voorsien 'n model van skoolgebaseeerde assessering (SBA) vir elke kwartaal. Hiervolgens moet die volgende vaardighede en konsepte in Kwartaal 3 geassesseer word:**

| KOMPONENT | TAAK |
|---|---|
| **Luister en Praat** | Luister na 'n reeks instruksies en reageer toepaslik.<br>Luister vir besonderhede in verhale en beantwoord oop vrae.<br>Bepaal byvoorbeeld oorsaak en gevolg. |
| **Klanke** | Herken vokale wat uit twee klanke bestaan.<br>Bou woorde deur vokale, vokale wat uit twee klanke bestaan, diftonge en konsonantsamevoegings te gebruik. |
| **Lees en Begrip** | Lees 'n boek op jou eie vlak hardop.<br>Gebruik sigwoorde, klanke, kontekstuele en strukturele ontledingsvaardighede om woorde te dekodeer.<br>Monitor eie lees tydens die leesproses, beide ten opsigte van woordherkenning en leesbegrip.<br>Luister na die teks en gee aandag aan:<br>• Beantwoord letterlike vrae<br>• Maak voorspellings<br>• Plaas gebeure in die teks in die korrekte volgorde<br>• Maak afleidings |
| **Handskrif** | Handhaaf eenvormigheid en spasiëring van alle kleinletters en hoofletters in 'n woord. |
| **Skryf** | Skryf 1–2 paragrawe (van ten minste 8 sinne) oor persoonlike ervarings of gebeure.<br>Gebruik korrekte leestekens (punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens) sodat ander kan lees wat geskryf is. |

## VOORBEELDE VAN ASSESSERINGSTAKE

- *Hierdie assesseringstake is ontwerp om deel te vorm van die NHLRP.*
- *Waar toepaslik word die NHLPR se MLV-toetse ingesluit as deel van die assesseringsprogram.*
- ***Hierdie assesseringstake mag net so gebruik word of aangepas word om aan Distriksvereistes te voldoen.***

### Luister en Praat

Luister na 'n reeks instruksies en reageer toepaslik.
Luister vir besonderhede in verhale en beantwoord oop vrae. Bepaal byvoorbeeld oorsaak en gevolg.

### Aktiwiteit 1

- Doen dit in Week 3 tydens Groepbegeleide Lees.
- Roep individuele leerders na u lessenaar toe.
- Gee aan elke leerder 'n reeks van 4 instruksies om te volg.
  Byvoorbeeld:
  - Sit op die stoel langs my;
  - Maak die boek op bladsy 35 oop;
  - Wys na die prentjie;
  - Klap jou hande 3 keer.
- Neem kennis van die wyse waarop 'n leerder gewoonlik op instruksies reageer.

### Aktiwiteit 2

- Betrokkenheid by 'n verhaal.
- Vra elke leerder die volgende vrae rakende Week 2 se verhaal in die Storiebundel.

#### Herroep die besonderhede:

1. Wat het Zweli se maat in Maputo gesien?
   *Antwoord: Sy het hoë geboue, die see en die strand gesien.*
2. Wat is die naam van die waterval wat Zweli se maat gesien het?
   *Antwoord: Hy het die Victoria- waterval gesien.*
3. Waar het een van Zweli se maats 'n rugsak gekoop?
   *Antwoord: Sy het dit in Johannesburg gekoop.*
4. Wat is twee dinge wat Mnr. Fortuin gedurende die vakansie gedoen het?
   *Antwoord (enige twee): Hy het tuis gebly, hy het boeke gelees, hy het tamaties geplant, hy het tyd saam met sy familie deurgebring.*

#### Vra die leerder nou die volgende oop-einde vrae:

- Hoe het Zweli gevoel nadat hy van sy vriende se vakansies gehoor het, en wat het hom beter laat voel?
  *Antwoord: Zweli het baie sleg gevoel en hy het gedink dat sy vakansie baie vervelig was. Mnr. Fortuin het hom beter laat voel omdat hy ook tuis gebly het. Hy het Zweli laat dink aan al die lekker dinge wat hy by die huis gedoen het.*
- Dink jy dat Zweli gretig was om oor al die dinge wat hy gedurende die vakansie gedoen het, te praat?
  *Antwoord: Leerder se eie antwoord. Die antwoord moet gestaaf kan word. Byvoorbeeld:*
  *Ek dink Zweli was gretig omdat hy besef het dat hy die vakansie geniet het en lekker dinge by die huis gedoen het.*
  *Ek dink Zweli was gretig omdat Mnr. Fortuin hom help besef het dat 'n vakansie by die huis ook interessant kan wees.*

- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Volg van instruksies** | Die leerder herroep 1 instruksie en reageer korrek daarop. | Die leerder herroep 2 instruksies en reageer korrek daarop. | Die leerder herroep 3 instruksies en reageer korrek daarop. | Die leerder herroep 4 instruksies en reageer korrek daarop. |
| **Herroep die besonderhede** | Die leerder gee 1 korrekte antwoord. | Die leerder gee 2 korrekte antwoorde. | Die leerder gee 3 korrekte antwoorde. | Die leerder gee 4 korrekte antwoorde. |
| **Oop-einde vrae** | Die leerder beantwoord een oop vraag met aansienlike ondersteuning van die onderwyser. | Die leerder beantwoord albei die oop-einde vrae met baie ondersteuning van die onderwyser. | Die leerder beantwoord albei die oop-einde vrae met effense hulp van die onderwyser. | Die leerder antwoord albei die oop-einde vrae onafhanklik en korrek. |

### Klanke

Herken vokale wat uit twee klanke bestaan. Herken konsonantsamevoegings, diftonge en samevoegings wat uit drie konsonante bestaan.
Bou woorde deur die vokale, vokale wat uit twee klanke bestaan, diftonge en konsonantsamevoegings te gebruik.

- In week 2-7 voltooi leerders op Vrydae die Kernleesboek se Woordbou-aktiwiteit.
- Neem die boeke aan die einde van die Vrydaglesse in vir assessering.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Aantal korrekte woorde wat weekliks gebou is** | Die leerder bou weekliks gemiddeld 0-3 woorde. | Die leerder bou weekliks gemiddeld 4–6 woorde. | Die leerder bou weekliks gemiddeld 7–9 woorde. | Die leerder bou weekliks gemiddeld 10 of meer woorde. |
| **Gebruik vokale wat uit twee klanke bestaan** | Die leerder vermy dit om woorde te bou met vokale wat uit twee klanke bestaan. | Die leerder is bevoeg om woorde met vokale wat uit twee klanke bestaan te bou. | Die leerder bou goed woorde met vokale wat uit twee klanke bestaan. | Die leerder bou uitstekend woorde met vokale wat uit twee klanke bestaan. |
| **Gebruik konsonant-samevoegings** | Die leerder vermy die bou van woorde wat konsonant-samevoegings insluit. | Die leerder is bevoeg met die bou van woorde wat konsonant-samevoegings insluit. | Die leerder is goed met die bou van woorde wat konsonant-samevoegings insluit. | Die leerder blink uit met die bou van woorde wat konsonant-samevoegings insluit. |

### Lees

Lees 'n boek op jou eie vlak hardop.
Gebruik sigwoorde, klankleer, kontekstuele en strukturele ontledingsvaardighede om woorde te dekodeer.
Monitor eie lees tydens die leesproses, beide ten opsigte van woordherkenning en leesbegrip.

## Aktiwiteit

- Doen dit aan die einde van die kwartaal.
- Gebruik NHLRP MLV-Toets 2.3.C
- Roep die leerders een-vir-een om die MLV-toets te voltooi, soos per die instruksies.
- Dokumenteer die leerder se MLV-resultate op die MLV-rekorderingsbladsy.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Dekoderings-vaardighede** | Die leerder se MLV-telling is ver onder die Nasionale Leesmaatstaf. | Die leerder se MLV-telling is effens onder die Nasionale Leesmaatstaf. | Die leerder se MLV-telling voldoen aan die Nasionale Leesmaatstaf. | Die leerder se MLV-telling oorskry die Nasionale Leesmaatstaf. |
| **Monitor leesvaardighede** | Die leerder is nie in staat om sy/haar leesvaardigheid self te monitor nie. | Die leerder stop en herlees soms 'n woord of sin om hom-/haarself te korrigeer of om te probeer verstaan. | Die leerder stop en herlees gereeld 'n woord of sin om hom-/haarself te korrigeer of om te probeer verstaan. | Die leerder lees vlot. Indien die leerder sukkel, is hy/sy bewus daarvan en kan hulle hulself onmiddellik korrigeer. |

### Begrip

Beantwoord letterlike vrae.
Maak voorspellings.
Plaas gebeure in die teks in die korrekte volgorde.
Maak afleidings.

## Aktiwiteit

- Doen dit in Week 7 tydens Groepbegeleide Lees.
- Herinner leerders aan die Storiebundel se verhaal van Week 6: Musa Motha, 'n Spesiale danser.
- Skryf die volgende vrae op die skryfbord.
- Lees die vrae hardop en verduidelik hoe dit beantwoord moet word.
- Neem die leerders se boeke aan die einde van die les in sodat dit gemerk kan word.
- Gebruik die memorandum wat voorsien word.

## Beantwoord letterlike vrae

1. Watter sport het Musa as 'n jong seun beoefen?
   a. *rugby*
   b. *sokker*
   c. *tennis*
2. Wat het Musa gedoen om te keer dat die kanker in sy knie versprei?
   a. *Hy het medisyne gebruik.*
   b. *Hy het geleer om te dans.*
   c. *Hy het sy been laat amputeer.*

## Maak voorspellings

3. Dink jy dat Musa suksesvol as 'n danser sal wees? Hoekom of hoekom nie?
   *Ja, ek dink so omdat ...*
   *Nee, ek dink nie so nie omdat ...*

## Plaas gebeure in die teks in die korrekte volgorde

4. Lees die volgende sinne en bepaal wat eerste, wat daarna en wat laaste gebeur het. Skryf die nommer van die sinne in die korrekte volgorde.
   a. *Musa leer om met een been te dans.*
   b. *Musa beseer sy knie terwyl hy sokker speel.*
   c. *Musa het 'n musieksentrum ontvang en verlief geraak op musiek.*

## Maak afleidings

5. Wat dink jy is swaartekrag?
   a. *'n Krag wat dinge na die grond toe aftrek.*
   b. *'n Sterk wind.*
   c. 'n Magneet wat metaalvoorwerpe aantrek.
6. Hoekom dink jy dit is wat swaartekrag is?
   *Ek dink dit is swaartekrag omdat ...*

## Memorandum

1. b (1 punt)
2. c (1 punt)
3. Leerder se eie antwoord:
   Voltooi die antwoord (1 punt)
   Staaf die antwoord (1 punt)
4. b, c, a (1 punt - almal moet korrek wees)
5. a (1 punt)
6. Die leerder moet 'n redelike verduideliking gee (2 punte)

- Gebruik die omskakelingstabel om dit na 'n vlak om te skakel.

| **Totale punt uit 8** | **VLAK** |
|---|---|
| 1 – 2 | 1 |
| 3 - 4 | 2 |
| 5 - 6 | 3 |
| 7 - 8 | 4 |



## Handskrif

Handhaaf eenvormigheid en spasiëring van alle kleinletters en hoofletters in 'n woord.

## Aktiwiteit

- Doen dit regdeur die kwartaal gedurende die Handskriflesse.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Loop gedurende die les in die klas rond en neem die leerders se handskrifvaardighede waar.
- Gaan deur die leerders se boeke teen die einde van die kwartaal om die leerders se handskrifvordering waar te neem.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Lettervorming** | Die meeste letters is swak of verkeerd gevorm. | Sommige letters is swak of verkeerd gevorm. | Letters is korrek gevorm, maar aandag kan aan netheid gegee word. | Letters is korrek en netjies gevorm. |
| **Konse-kwentheid van lettergrootte** | Die grootte van die letters is uiters inkonsekwent, en hoofletters is nie proporsioneel groter as kleinletters nie. | Die grootte van die letters is inkonsekwent, en hoofletters is nie proporsioneel groter as kleinletters nie. | Daar is af en toe teenstrydighede in die grootte van letters of onvanpaste verhoudings tussen hoof- en kleinletters. | Die lettergrootte is konsekwent en daar is 'n gepaste verhouding tussen hoof- en kleinletters. |

## Skryf

Skryf 1–2 paragrawe (van ten minste 8 sinne) oor persoonlike ervarings of gebeure.
Gebruik korrekte leestekens (punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens) sodat ander kan lees wat geskryf is.

## Aktiwiteit

- Doen dit in die skryfsiklus van Week 5-6 waar die leerders moet skryf oor: Iemand wat ek ken wat lief is vir dans.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Neem die leerders se boeke aan die einde van die Vrydagles in vir assessering.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Struktuur** | Daar is geen teken dat paragrawe gebruik word nie. | Die sinne is in paragraafvorm geskryf, maar daar is nie slegs een hoofgedagte per paragraaf nie. | Die sinne is korrek in 2 paragrawe verdeel, maar die tweede paragraaf is onvolledig. | Die sinne is korrek in 2 paragrawe verdeel. |
| **Lengte en Struktuur** | Die leerder het minder as 3 korrekte sinne geskryf. | Die leerder het 4–5 korrekte sinne geskryf. | Die leerder het 6–7 korrekte sinne geskryf. | Die leerder het 8 of meer korrekte sinne geskryf. |
| **Leestekens** | Die leerder sukkel om konsekwent en korrek hoofletters en punte te gebruik, selfs met ondersteuning. | Die leerder gebruik hoofletters en punte korrek, maar sukkel met ander leestekens. | Die leerder gebruik alle aangeleerde leestekens korrek en maak selde foute. | Die leerder gebruik alle aangeleerde leestekens korrek en maak selde foute. |

NHLRP National Home Language Reading Programme

NHLRP National Home Language Reading Programme